

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Mokhoabane v S (28/2005) [2012]

ZAFSHC 136 (2 August 2012)

[2012] ZAFSHC 136

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

S. P. B. Hancke

CASE / FILE NUMBER

28/2005

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak nommer. : 28/2005

In die aansoek tussen:

BUTI SAMSON MOKHOABANEApplikant

(Beskuldigde 2 in die hof a quo)

en

DIE STAATRespondent

UITSPRAAK: HANCKE,WND RP

GELEWER OP: 2 AUGUSTUS 2012

- [1] Die applikant is op 25 April 2005 in die Rondgaande Hof te Virginia skuldig bevind aan aanklag 1 (huisbraak met die opset om te roof en roof met verswarende omstandighede), en aanklag 3 (moord).
- [2] Ten opsigte aanklagte 1 is hy tot 15 jaar gevangenisstraf en lewenslange gevangenisstraf opgelê ten opsigte van aanklag
3. Hy doen nou aansoek om verlof om te appelleer slegs teen sy vonnis.

- [3] 'n Soortgelyke aansoek is alreeds gerig deur twee van sy mede-beskuldigdes, naamlik beskuldigdes 3 en 5, welke aansoek van die hand gewys is. Die applikant was tydens die verhoor beskuldigde 2 gewees.
- [4] Die huidige aansoek is daarop gebasseer dat die hof a quo nie die tydperk wat die applikant verhoorafwagtend was in ag geneem het nie en ook nie genoegsame gewig geheg het aan sy persoonlike omstandighede nie. Daarteenoor is die volgende faktore, naamlik die erns van die misdade, die gemeenskapsbelang, die voorkoms van die misdade, afskrikking, vergelding en rehabilitasie en die beplande aanval volgens die applikant se betoog oorbeklemtoon.
- [5] Die slagoffer in hierdie saak was 87 jaar oud gewees. Die beskuldigdes het op 'n Saterdagmiddag tussen 13h15 en 14h00 helder oordag die oorledene se huis binnegedring en is die oorledene volgens die mediese getuienis vir 'n geruime tyd gewurg. Die dokter het getuig dat maksimum geweld gebruik is ten opsigte van haar borskas en dat selfs op haar gesprong is. Die oorledene se beserings het ingesluit kneusings, skaafplekke van die bors, regter-voorarm, die voorkom, gesig, agterkop, nek, frakture van die sleutelbeen en rug en was daar byna nie 'n plek op haar liggaam waar sy nie beseer was nie.
- [6] 'n Gewigtige oorweging wat tel in die guns van die applikant is die feit dat hy tydens die voorval 20 jaar oud was. In die uitspraak is gehandel met die jeugdigheid van die applikant, en die ander beskuldigdes.
- [7] Inaggenome egter al die feite en omstandighede is ek van mening dat daar nie redelike vooruitsigte is dat 'n ander hof tot 'n ander bevinding sal raak ten opsigte van vonnis nie. Daar is ook 'n aansoek om kondonاسie wat na mening toegestaan behoort te word.
- [8] Bygevolg word die volgende bevele verleen:
- 8.1 Die aansoek om kondonاسie word toegestaan;
- 8.2 Oorigens word die aansoek van die hand gewys.

S. P. B. HANCKE, WND RP

Namens die applikant: Prokureur J. D. Reyneke

In opdrag van:

Bloemfontein Regsentrum

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. M. Strauss

Die Kantoor van die Direkteur:

Openbare Vervolgings

/eb

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2012/136.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/mokhoabane-v-s-unknown-topic-afshc-2012>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria